


DE WETTER

1969

1978

Digitized by Google



CHRISTIAAN RUDOLPH DE WET, ONS EER HOM.1969/1978.

USPRIMAR PRIMARIUS ARIUSPRIM



Die ambivalensie van verandering waarin die mens vasgevang is - die behoefte aan vernuwing en die weerstand teen daadwerklike verandering - verskaf prominensie aan die belangrikheid van 'n beginselvaste onderskeidingsvermoë in die jongmens se lewensproses. Ons volwassewording impliseer 'n groeiproses - 'n ontwikkelingsfase wat daaglik aanpassing verg om die bruikbare te huisves.

Om vandag so 'n bietjie outyds te wees in die sin dat jy glo die leisels stewig gehou moet word ter wille van 'n ordelike lewenspatroon sonder om stagnant te raak, vra 'n verantwoordelike en geballanseerde evaluering van dit wat nuut is sodat beproefde waardes en norme nie in die proses van verandering oorboord gegooi word nie.

U ROEPING BEGIN

ALREEDS VANDAG.

MOENIE MET N VALSE HOOP LEEF DAT N ANDER

EEN SAL LEI NIE.

Die bereidwilligheid om te luister na hulle wat oor meer lewenservaring as ons beskik kan soveel meer begrip vir ons situasie meebring. Dialoog beteken nie twee monoloë nie, maar n wedersydse gesprek. Deur te luister en te evalueer en nie net alles te aanvaar nie kan ons soveel meer vind om te oordink en te respekteer.

Vir hierdie evaluerende onderskeidingsvermoë is dissipline essensieel - dissipline waarsonder geen mens nog ooit sukses kon behaal nie. Ons staan te maklik krities op die perifirie sonder om werklik n bydrae te maak. Moenie met die valse hoop leef dat n ander een sal lei nie. U roeping begin alreeds vandag. Sorg dus dat u met n verantwoordelike pligsbesef en roeping beplan vir hulle wat na u volg.

My beste wense vergesel elke inwoner in die koshuis. Mag u as jong Christen Afrikaners volhard met die geroepe opdrag om elke geleentheid u beste geleentheid te maak wetende God sal u met die nodige krag en visie voorsien.

Hennie Lambrechts.

Hennie Lambrechts.

PRIMARIUS 1978.

ÜNNE REÜNE EREÜN

Menere, laat dit vir
julle'n les wees.
So braai mens 'n
ossie



**Drukke
bespiegeling.**
Wat sou die
resep vir die
sousie wees?


Wragtag!!
Dis n helse
taak!



Arme drommels...



Wanneer verkeer ons vreetsaam hê?






Die ou menere sê:
 Manne dan skink ons 'n glasië
 op hierdie tienjarige okasie
 Dan drink ons weer
 vir 'n nog 'n tienjarige keer.



Oom Blackie se aankoms... Eerstejaars groet hom
 met eie "vuurpyl".





... een van ons
grootste leiers
was hy.

G.R. de Wet
van A - Z


Pres. Swart
onthul silhoutte
van ons
genl. de Wet.



Oom Blackie word
n waardige ere-inwoner
van
Huis Cristiaan de Wet.

Japie, prof. Tienie, Hennie,
oom Blackie by die onthulde
beeld van genl. de Wet
op sy perd Fleur.





NOORD I

Noord 1 - gang van "El Toro" - die Bul.

Dit is nou die Beeskop van een van ons geagte boere op die gang, se stoetbeeste wat bo die deur van kamer 11 hang. Eerstejaars buig voorhom en groet hom soos n senior, terwyl die res van Noord 1 se inwoners hom met die grootste respek behandel.

Noord 1 se manne is voorwaar n eienaardige klomp bymekaar - Daar is Akademici (met spesiale verwysing na Kamer 3) en nie-Akademici (met spesiale verwysing na die res van die gang). Hier is dokters; boere; onderwysers; rekenmeesters; prokureur; predikant en n toneelspeler ook.

Behalwe op akademiese - dra Noord 1 ook meer as sy deeltjie by op sportgebied - 2 onder 20 Vrystaatrugby spelers. Koshuis se no.1 en 4 muurbalspelers.

"Sarel Monster" - Groot Karatekampioen en watergooier. Coetzertjie - die groot pedagoog van ons "troepe". Koshuiskrieketspelers.

Universiteitshokkiespelers.

Soos op alle gange is hier op Noord 1 ook sy "karakters" - "Leeu van Juda"

Gelykstoot (Wall's se tjokkertjie), "Vet Hendrikkie" - die stoutste.

Clive en Matie - n mens is nie aldag seker of hulle in die koshuis woon of by die huis nie.

Net n laaste woordjie aan alle voornemende eerstejaars - vra julle voorgangers waar het hulle boudstes die hardste geklap!



SUID I

Deur die jare heen het dit tradisie geword dat elke gang sy eie identiteit ontwikkel het. Elke gang het probeer om iets op te bou wat nie deur ander gange geëwenaar kon word nie.

So het Suid 1 deur die jaar die beste ewewig gehandhaaf op sosiale, akademiese, leierskap en sportgebied. Ek is trots om te kan sê dat vyf van die H.K.-Lede, ingeslote die Primarius en Onder-Primarius uit Suid 1 kom. Sewe lede van De Wet se puik Eerste Rugbyspan kom verder uit ons geledere. Japie Roos is ook gekies as S.R. Lid. 'n Verdere Verblydende aspek is dat die Gangprimarius ook uit Suid 1 kom.


Van die vyf gangpartytjies wat gehou is, was nie een so 'n baie groot sukses nie. Dit moet toegeskryf word aan die baie lede van die gang wat op so 'n vroeë stadium reeds begin tender het om op die H.K. te dien.

Suid 1 roem daarop dat hy deur die jaar die Nuwejaartjies aan ons toevertrou, op die bes moontlike manier opgevoed het. Hulle almal praat met groot lof van ons metodes.

Ek moet die Huis vertel van die eerste gangvergadering toe groot kanonne soos Gert, Japie, Frik en Dawie deur die tugmeester, Kas, met 'n tekkie ingelyf is by die goeie tradisies van Suid 1.

Laastens wil ek die gang bedank vir alles wat ek vir hulle beteken het deur die jaar.

SUID II



n Dekade gelede is n gangkreet begin: Boem! Ba! B...! Dit is ons gangkreet, ons gesegde as die akademie druk, die finansiele posisie benard is, die meisies nie so geredelik wil instem nie én as die H.K. swaar strawwe oplê.


Eerstejaars word geleer om hierdie kreet met gevoel en met eerbied te skreeu-sê. Natuurlik geskied dit onder die bekwame toesig van die seniors. Statistiek en ondervinding het die seniors geleer dat n Eerie die kreet met die meeste gevoel kan voordra tussen die tye 3.00vm. tot 4.00 vm.

Karakters? Kom ons noem hulle liewers studente mense, as n mens so n kombinasie kan kry. Enige soort, ons het dit: Gideon, Hollies the Man en John, Ben en Ertjies, Doom en Spaarstes, Ou J en Danie S, Landman en Ebbie, Dries en Josef, Cheeza en Grobbies, Swaer Hennie en Niël, Lang Hans en Jan.

Party mense sê ons is die Gaar Gang. Oordeel self; Ons is Suid 2 en ons is lief vir hom.

Uitsonderlike prestasies:

1. Niël: B.Sc (Hons) H.O.D.
2. Gideon: B.A. Kom (Hons)
3. Lang Hans: B.Sc (Hons)
4. Een Eerstespanspeler en 12 Vierdespanspelers.
5. Een aand was al twaalf verhoorafwagtendes voor die H.K. manne van Suid 2.
6. Hoogste breekskades.
7. Gasellie van die hele koshuis.
8. Neem leidende rol in koshuis aktiwiteite.



NOORD II

Na n lang trek as die ewenaar van die Noordes, die enigste gang wat n kamer kan bied vir die Primaruis en die en die insameling van prestasies het die jaar '78 op n einde gekom.


Ou Ben-rapie, die sogenaamde gang-primaruis, het sy bedanking ingedien en verhuis. Sy amp is hervat deur die weerende Soepa van Rooi met geen spreekstem. Verskeie opvoedkundige prosesse is aan die mede nuwe jare belowe en so het elke vergadering geiendig.

nGoeie balans word nog steeds op die gang gehandhaaf met die rasende Sakkie Dup wat opgevolg word deur mede tweedejare. Die bitter smaak van die gang het verdwyn maar die weerklank van sy optredes hang nog steeds in die lug. Met breekskades het ons nie probleme nie want die grote Gawie tree in vir die nodige ysterbreke of regbreke en na elke smakie nooi hy sy vriend Gerrie Bester vir n potjie pyle.

Johnnie het besluit dat hy die tatsie-koning is van die gang en Boats en Willie het besluit dat die atletiek nou eintlik vir sy talente gebou is. Willie het ook sy versameling baadjies aangevul met n Junior Springbok een.

Die gang is deesdae sterk besig om te oefen vir die gangwedstryd en party, en wil die ander gange net sterkte toewens. Verder is dit nog mooiweer en warm met goeie opkomste by die swembad en predie-borde.


SUID III



Weereens staan ons op die drumpel om nog n jaar vaarwel toe te roep. n Jaar soos ander jare, maar tog ook so uniek in die besonderheid van die wyse waarop hy hom aan ons openbaar het. Op ambassadeursvlak kan ons volgende jaar n gedugte paar (Nico en Okkie) na die H.K. stuur, waar hulle ook n groter taak in belang van n groter groep mense verrig. Die kultuur van ons gang is baie verder as net ons poorte bekend. Suid Drie (Williswati "soos aangehaal deur my radikale vriende) was hier= die jaar geskeur en verskeur tussen DBB (Deon's Brass Band) en TSS (Theuns se snikkende snare). Rikus het hierdie jaar groot insig in rasse verhoudinge gekry - selfs die beoordelaars het dit met hom gedeel en dus was hy die Redenaarskompitiesie-wenner. Van sport is hier nooit te kort: Ben en Heinrich was weer die begin en eiende van die groenspan (no.1 en no.15); of hulle dit sou reg kry sonder Serrie se trui-swaai is n betwisbare punt. Dan Duiker jag steeds in die donker diepsee ter= wyl Carel neig - neig om die ander van die muurbal-leer af te trek. Op politieke gebied was ons maar stil, behalwe Stoffel wat steeds daarvan hou om kandidate te troffel met vrae wat insig vereis. Aan Piet (wat teruggekeer het na 2 jaar in die stad) kan ons sê: "Welkom tuis." En dan nuus van n ander aard: Die Drie Siviele Bere hou steeds die oorsprong van hul naam geheim, maar lewer nieteenstaande n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van "touchies" in die vierkant.

Aan die wat die einde van die jaar vertrek: "Voorwaarts in De Wet se gees!"

Aan die wat agter bly : Idealiseer en materialiseer die gedagtes wat agtergelaat is en word. Bou verder met n vaardige regterhand, n beskermende en behoudende linker hand - maar bowenal: bou verder met Godgegewe visie.



NOORDIII

Noord 3 nog steeds Vrotkol.

Noord 3 dui slegs die plek van vesting aan, maar staan beter bekend as Vrotkol. Hierdie unieke gang het nie alleen 'n unieke naam nie, maar ook unieke karakters. Nie alleen is dit die woonplek van die oudste man in die rooibaksteengebou nie, maar vind ons op akademiese gebied manne wat besig is om die berg van sukses met alle mag te vernietig. Ons sonder onder andere manne uit soos Doc Paul en E. Coetzee. Maarmie alleen op akademiese gebied word groot sukses bereik nie, maar neem veral sosiale bedrywighede in ag. Hier moet 'n paar groot figure uitgesonder word. Een seer sekerlik is die indrukwekkendste of miskien die mees rooi-aanjaendste gevaarte my eie kamermaat. As jy Rooimasjien in sy groen badproppie op volle stoom is, kan selfs nie 3,500 modelle hom in toom hou nie. Maar ai, dan vind ons manne soos Herman Steyn wat sy kamermaat se ideale wil nastreef nl. die kwessie van "om vas te sleep." Hy het selfs so ver as Idalia gegaan, maar ook daar kon hy nie 'n aanbod ontvang nie.

Ten opsigte van die inwoners wil ek graag wys op hul wedersydse respek teenoor mekaar. Glo vir my, struwelinge vind wel plaas, maar dit dien slegs om die eerbiedsgevoel onder die manne te versterk. Kyk byvoorbeeld na die gangpartye. Ja, daaroor wil ek nie eers graag praat nie.


Dan wil ek ook graag wys op 'n paar leierfigure wat hul eenskappe sterk op die voorgrond skuif. Kyk bv. na ons eie adv., die voorsitter van die Sluiperskomitee.

HUISKOMITEE 1977-78

Achter. Gert van Zyl, Bertus van der Merwe, Danie Dekker,
Gideon de Wet.

Voor. Japie Roos, Hennie Lambrechts (Prime), Nico de Kock.
Snoepie.







IAALSOS SOSIAAL ALSOSIA

Dis vreeslik om
n eerstejaar
te wees...



O... xz&£! ma, is dit mense wat hier bly?




Goeie mōre oom Hollies Hollenbach.

Ek is Johan Combrinck.

Ek swot medies en ek kom van Coligny af.

Ek wonder wat gaan hulle nou
weer voorstel...?






Lig daai knieë jare Moenie gippo nie!




Ag hoekom het ek
kom swot?




Sies so n rou eier is n gemors!



Ja oom!
Nee oom!
Goed oom!
Is so oom!







Toe ek n kind was het
ek gepraat soos n kind
gedink soos n kind, ge
redeneer soos n kind;
maar nou dat ek n man
is, het ek die dinge
van n kind afgelê.

(1 Kor:13:11)

De Wet in kwarantyn!
n Luisplaag sak op
die koshuis toe!





Scrappy. Die liefvalligste inwoonstertjie
van hierdie rooi baksteengebou.



Sjampanje-ontbyt 6vm By Akasia om
die jool in te lyf.


Dan hang ons uit met 'n lekker
sokkie wat al so deel uitmaak
van ons bestaan.



Soek die vleis
en wen 'n
boekhou-predie!



Saterdagmiddag, en ons gooi 'n vleisie
op die kole.



Huishap in die fonnies en die manne hou groot feeste.

Die nuutste vermaak.

